**Hosea 1:1-11** **Leef jou Roeping** **Londen, 1 Maart 2015**

**Inlediing – Roeping** slide
Roepingsverhale verskil slide
click **Jesaja** – sien (‘n visioen, droom) God sit op ‘n troon, engele sing – diepe besef van sy sonde...
moet raaksien en hoor dat God heilig is...
click **Jeremia** – hoor God praat oor sy verlede en hoe God al baie lank in sy lewe werk – soek verskonings
moet raaksien en hoor dat God weet...
click **Esegiel** – sien ‘n visioen in die hemel wat hom laat plat val – opdrag: staan op...
moet raaksien en weet dat God kragtig is...
click **Hosea** – kry ‘n opdrag van God om met ‘n prostituut te trou... sien nie God se almag en heerlikheid en mag en hoor nie engele sing en sien nie visioene nie...

**Roeping is nie altyd** hierdie asemrowende geloofsverdiepende ervaring nie... soms heel prakties, selfs soms heel onverwags teen verwagting in, vreemd...

*Moontlike ontdekking hierdie week in selgroepe met gawes...*

**Soms vra dit doodeenvoudige gehoorsaamheid...**

Moet raaksien en hoor dat God in sy liefde gaan aanhou uitreik

**Skriflesing en prediking** slide

**Hoe werk liefde?** Spreuke sê beste definisie is dat dit ‘n misterie is slide

Wat ek weet: die prentjie wat die wêreld teken in films en fantasieë en sprokies is baie ver daarvan verwyder... en hierdie skewe aanbieding van liefde dra die potensiaal om verhoudings en mense te ontspoor en vernietig

**Hosea moes ‘n nuwe prentjie van liefde hoor en sien**: Op ‘n manier wou God vir Israel laat verstaan hoe lief Hy vir hulle is, hoe verhoudings werk... en nie net ons verhouding met Hom nie – ook ons verhoudings met die mense vir wie ons lief is, lief word, aan wie ons ge-commit is...

Israel (en ons) moes leer dat liefde beteken God gaan aanhou om hulle te kom haal...

Hosea kry die opdrag om met ‘n **prostituut te trou** wat buite-egtelike kinders het... hy trou met Gomer en raak lief vir haar...

slide Maar sy **hou aan om weg te loop 2:4**... en **Hosea hou aan** om haar te gaan **soek**... koop haar self los...

2 x by ander mans kinders – **1:3, 1:6, 1:8** – en hulle name vertel van ons natuurlike reaksie van oordeel en straf: Laat boet...Sonder-ontferming... Nie-my-volk...

**Liefde is ‘n doen woord**... soms baie minder ‘n emosie en die gevoelens van verliefdheid wat deur hormone in jou brein vir ‘n kort tydjie afgeskei word

Om lief te wees vir iemand het die baie duidelike implikasie dat dit sekere gedrag verwag... my lewe moet vertel, getuig van my liefde vir iemand...

Nie ‘n kyk met hoe min ek kan wegkom en ‘n rebeleer teen die feit dat ek getrou moet wees nie!

*Die boek Hosea is seker die skokkendste boek in die Ou Testament.*

*Baie min mense sou hulle kon voorstel hoe dit moes wees om met `n vrou soos Gomer te trou.*

*Jy kan haar nooit vertrou nie, sy is altyd op soek na aandag by ander mans.*

**Soms waar van ons verhouding met God** – ons hou aan wegloop, as ons die kans kry, loop ons weg, raak ander “mans” ‘n beter opsie...

God weet wat is waar van ons... en steeds trou Hy met ons, kom soek Hy ons oor en oor...

God weet hoeveel keer het ons al weg geloop, en weer kom haal Hy ons...

**Dit is hoe God vir ons lief is.**
Hosea ervaar die verwerping en vernedering wat God ook (*moes*) ervaar! **slide**
As jy al op daardie punt in jou lewe was... sal jy weet hoe dit is as die een vir wie jy lief is wegloop, nie kan wag om agter iemand of iets anders aan te loop nie...
God weet ons is baie keer so met Hom
Dwarsdeur eeue storie van sy kerk, gelowiges... sukkel met lang-pad commitment
Is dit hoe God oor ons verhouding met Hom ook voel?
Verhoudings veronderstel commitment – huweliksverhoudings staan en val daar = God se verhouding met ons...
Ons hou aan wegloop, maar **God bly onvoorwaardelik lief, hou aan om ons te soek**, betaal die volle prys...

Wat kan ons uit hierdie skokkende drama aflei? Hoekom verbind God Hom tot `n groep mense wat aan Hom ontrou is?
Hosea is `n boodskap van God se onvoorwaardelike liefde
**slide** ***Hosea 2:18-22 "Ek gaan jou my bruid maak vir altyd..."***
Ook jou kindrs se name word verander – jou toekoms lyk anders... *ontferm, my volk...*
**slide** ***Hosea 10:8, 9 - "Hoe kan ek jou prysgee****... ek kan dit nie oor my hart kry nie... my liefde brand te sterk..."*
God gaan nie ophou om vir ons lief te wees nie, **kan dit nie oor sy hart kry** om ons te straf en te vernietig nie, mees intiemste emosie...
Hoe weet ons dit: Hy gee sy Seun! Ons gee dikwels op en skryf mense af wanneer dit kom by die teleurstelling wat ons beleef wanneer mense ons seermaak. Maar nie God nie. God is anders
**God se aanhou lief wees + en sorg + genade + omgee verander mense... maak daardie sommetjie**
Hy soek nie 'n verhouding uit vrees of skuld gemotiveer nie
Sy liefde vir my definieer my, gee my waarde – nie wat ek doen, of gee nie...
***Onthou****: Daar is by hulle* ***geen teken van berou*** *of* ***belydenis*** *of* ***bekering*** *nie*
*Hardnekkig, vasberade om te volhard –* ***10:7*** *-* ***"bent to backsliding"***
*= letterlik - kies om weg te sink in die modder , kies om weg te loop*
Ons is gewoonte-sondaars
**En weer verklaar God sy liefde, onverdiend**, maak nie saak hoe hulle/ons is en wat hulle/ons doen nie **= GENADE**, onbeskryflik groot **slide**
**Roeping het alles uit te waai met hierdie ontdekking**: God is lief vir ons – en dat Hy gaan my weer en weer kom haal, gaan aanhou om my te soek – dit gaan ons verander...
EN: dit word die maastaf hoe ek ander moet hanteer: Hosea tree op teenoor Gomer, soos God optree teenoor ons – dit is hoe ons moet optree...
Dit sal altyd die hart bly van Christenskap, van ons geloof
**slide**
**John Crysostomos:** "No act of virtue can be great if it is not followed by advantage for others. So, no matter how much time you spend fasting, no matter how much you sleep on a hard floor and eat ashes and sigh continually, if you do no good to others, you do nothing great."